



## Ingrypende besluit 'n eeu gelede oor kinderversorging

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na [bladuitleg@nhk.co.za](mailto:bladuitleg@nhk.co.za) of [grafies@nhk.co.za](mailto:grafies@nhk.co.za) en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Die begin van die 20ste eeu is gekenmerk deur oorlog, rebellie, die griep epidemie en armoede. Daar was onderlinge verdeeldheid op politieke terrein onder Afrikaners, en die Kerk het geworstel met algehele ontwrigting in die volkslewe van die Afrikaner. Teen 1910 ontstaan die behoefte aan 'n weeshuis.**

Na herhaalde besprekings, briewe en artikels in *Die Hervormer*, besluit die Algemene Kerkvergadering in 1922 om 'n weeshuis vir die Kerk te vestig. Die vergadering wys di Jac van Belkum, AJ Barger en PS Grobler aan om leiding te neem. Hulle registreer as 'n Artikel 21-maatskappy (maatskappy sonder winsbejag) met honderd aandele, elke aandeel een rand werd. Die Algemene Kommissie hou 97 van die aandele en is ook die ledevergadering wat verslae behandel en die lede van die direksie benoem.

In *Die Hervormer* word aan die vroue van die Kerk gevra om by te dra vir die versorging van die weeskinders, veral kos en klere. Primêre sorg, huisvesting, kos en klere was die grootste nood. Die direksie het 'n eiendom in **Krugersdorp** gekoop, en in Augustus 1923 word die eerste vyf kinders in die weeshuis opgeneem. Dit het bekendgestaan as De Nederduitsch Hervormde Weeshuis.

Die kinderhuis het oor die jare aansienlik uitgebrei. In 1946 het die Kerk 'n bestaande inrigting in Malherbestraat in **Pretoria** gekoop. Dié kinderhuis het bekendgestaan as die Andries Hendrik Potgieter-huis. Dit is bedryf as 'n koshuis waar slegs voorskoolse en laerskoolkinders gehuisves is. Hierdie kinderhuis is in 1984 aan die NHSV verkoop en 'n nuwe moderne kinderhuis is op **Middelburg** gebou, die Albert Herbst-kinderhuis. Daar is ook 'n satellietkinderhuis in **Rustenburg** gevestig.

In Krugersdorp is die aanvanklike huisvesting gebruik tot 1940. Nuwe geboue is in 1940 gebou. Die direksie het besef dat dit meer wenslik is om kinders in huise te vestig. Aanvanklik is ses woonhuise gebou, drie vir seuns en drie vir dogters. Later is nog drie woonhuise gebou. In 1994 het die Jac van Belkum-kinderhuis 134 kinders gehuisves.

Ds Jac van Belkum was die eerste voorsitter van die direksie van die Kinderhuise. Mnr Albert Herbst, wat administrateur van die Kerk was, was met sy aftrede voorsitter van die direksie.

Onder voorsitterskap van ds GC van Staden het die direksie van die Kinderhuise na alternatiewe versorgingsmodelle gekyk. In Oktober 1994 het die direksie besluit om die bestaande versorgingsmodel oor 'n tydperk van drie jaar uit te faseer. So het die **Diakonale Pleegsorghuise** ontstaan. Die gedagte was dat dit professionele pleegsorghuise moet wees wat in gemeentes en ringe funksioneer. So kon diakens en lidmate direk daarby betrokke wees. Dit beteken dat Diens van Barmhartigheid grootliks afgewentel word na ringsvlak. Tans is daar ses Diakonale Pleegsorghuise (DPS-huise) in verskillende ringe en is gemeentes en ringe van die Kerk direk betrokke by die versorging van kinders.

In 2023 sal dit 100 jaar wees sedert die eerste kinders in die destydse De Hervormde Weeshuis in Krugersdorp opgeneem is. Dit is hierdie jaar 100 jaar gelede dat die AKV besluit het om te begin met die versorging van hulpbehoewende kinders. Tydens die 73ste AKV in Oktober 2022 gaan daar weer gepraat word oor barmhartigheidsdiens op sinodale vlak en die moontlike aanpassing in strukture waarbinne barmhartigheidsdiens plaasvind. Verdere afwenteling van die Diens van Barmhartigheid na gemeente- en ringsvlak sal in die toekoms onafwendbaar wees.

Op Saterdag 22 Oktober 2022 kom oudinwoners van die voormalige kinderhuise van die Kerk (Krugersdorp, Middelburg en Rustenburg) in Krugersdorp byeen. Elize van der Westhuizen (alias Bettie Jordaan), 'n oudinwoner van Jac van Belkum-kinderhuis, het die inisiatief geneem om die 100-jarige bestaan van die Kinderhuise van die Nederduitsch Hervormde Kerk met 'n saamkuiergeleentheid te vier. Sy noem dit die 100 jaar weeshuis-fee-reunie. Dit is sprekend van die verskil wat die Kerk oor 'n tydperk van 100 jaar in die lewens van honderde kinders gemaak het.

**Ds Willem Kok, Potchefstroom  
Voorsitter: Direksie van die Kinderhuise**

## Lief en leed



Dr Hannes Janse van Rensburg

- **Dr JG (Hannes) Janse van Rensburg** (54) van Zuurfontein het verlede week baie siek geword, waarna hy met atriale fibrillasie gediagnoseer is. Dit beteken sy hart klop uit ritme, met nadelige gevolge. Hy is in die hospitaal opgeneem vir 'n ablasie. Ons bid hom spoedige herstel toe.
- In die nag van 27/28 Augustus het booswigte toegesak op **Gemeente Bergsig**, in Mountain View in Pretoria se Mootarea. Die klepel van die kerkklok (uit 1974), 'n gedeelte van die klokmotor, die koper weerligafleier van die klok, en al die buiteligte se bedrading is gesteel. Oudl Jack van der Schyff (hy het gevat-vat na die tou om die klok te lui ... en toe's daar niks!) en ds Freddie Nortjé het die ontdekking gedoen voor die Nagmaalviering. Flink SAPD-lede was op die toneel en het die saak geregistreer nog voor die erediens.
- In April vanjaar het ons berig oor mev Arina Jooste van die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys se man, **generaal-majoor (afg) Johan Jooste**, se boek *Rhino War. A general's bold strategy in the Kruger National Park*, wat hy saam met Tony Park (bekende Australiese skrywer en kenner van Afrika) geskryf het. Sondagaand 25 September gesels Hannes van Wyk van Kwêla met genl.maj. Jooste oor sy boek. Skakel gerus in!
- **Die volgende predikante verjaar tot 30 September, en word hartlik geluk gewens:**



Ds Maryka Potgieter

- Donderdag 22 September: Di ZC (Zet) Robberts (69) (emeritus) en E (Errol) Sheppard (62) (Rietspruit)
- Vrydag 23 September: Dr GJ (Gert) Malan (62) (Mosselbaai) en ds DW (Wouter) Beukes (61) (emeritus)
- Saterdag 24 September: Dr JM (Thinus) van Staden (46) (Montana)
- Maandag 26 September: Ds MJ (Marna) van der Westhuizen (47) (beroepafwagend)
- Woensdag 28 September: Prof IWC (Natie) van Wyk (69) (emeritus)
- Donderdag 29 September: Ds BM (Buddie) Dupper (69) (emeritus/Pongola)

## Gemeentes en bediening



Ds Paul Buitendag



Ds Charel van der Berg

- Die Kommissie van die AKV het **ds M (Maryka) Potgieter** se losmaking van Gemeente Witfield op 31 Augustus 2022 met behoud van ampsvoorreg goedgekeur.
- **Ds P (Paul) Buitendag** van Volksrust aanvaar op 30 September 2022 emeritaat.
- **Ds CJ (Charel) van der Berg** van Pietermaritzburg aanvaar op 31 Oktober 2022 emeritaat.
- **Gemeente Midrand** het tydens 'n gemeentevergadering op 14 Augustus 2022 besluit om met Gemeente Rooihuiskraal saam te smelt sodra die kerkgebou van Gemeente Midrand verkoop is. (Lees die gemeente se verhaal in die Oktober 2022-uitgawe van *Die Hervormer* wat aan die einde van September beskikbaar sal wees.)
- **Gemeente Sasolburg** stel hul beroepswerksaamhede uit vir 'n periode van drie maande.
- **Argiefstukke by AKV.** September is Erfenismaand. Dit geld ook om sorg te dra vir ons erfenis, soos die gemeente-argief. Gemeentes word verwys na die **Riglyn vir bewaring van argiewe hier** op die die Kerk se webwerf, sodat slegs die korrekte stukke vir bewaring aangestuur word. Vir navrae oor die riglyn se inhoud, kontak die Kerkargivaris, mnr Nándor

Sarkady, by [argief@nhk.co.za](mailto:argief@nhk.co.za). Indien gemeentes stukke wil saamstuur met afgevaardigdes na die AKV, kan dit op **Maandag 3 Oktober afgelaai word by die AKV**. Die **kontakpersoon by die AKV** vir afgee van argiefstukke is een van die afgevaardigdes, **ds Waldo Pretorius, [waldo@nhk.co.za](mailto:waldo@nhk.co.za)**. Reël egter asseblief **vóór 30 September** met die argivaris per e-pos indien u wel stukke gaan besorg.

- Daar sal 'n **uitstaltafel van die SP Engelbrecht-museum by die AKV** wees, **van 2 tot 6 Oktober**. Gedenkmunte, plakkate, boeke en dies meer sal verkoop word. Museumvoorwerpe kan ook besigtig word. Skenkings van voorwerpe sal ontvang word.
- Die **SP Engelbrecht-museum** is steeds **op soek na 'n volledige stel van Konteks** om in die Museum te bewaar (enige uitgawes van *Konteks* kan geskenk word). Kontak ds De Bruin by 082 733 3951 of [cjdb@boomaap.co.za](mailto:cjdb@boomaap.co.za). Die Museum in Eloffsdal, Pretoria is op afspraak oop, enige tyd of dag. Reël asseblief net 'n dag of twee vooraf.
- **Gemeenskapsteater in Delmas: *Ego Eimi... (Ek is...)***  
**Nog tot 25 September 19:00 (weekdae) en 15:00 (naweek)**  
By NGK Delmas-Wes  
Volwassenes R100, kinders R50  
Verversings beskikbaar een uur voor aanvang  
Kaartjies beskikbaar aanlyn of by NHKA Delmas  
013 665 2679 van 08:00 tot 12:00  
Ook by Perfect Water, CJ Williams Apteek en NGK Delmas-Wes  
Navrae: 082 928 4317  
[www.gemeenskapsteater.co.za](http://www.gemeenskapsteater.co.za)  
[delmas@gemeenskapsteater.co.za](mailto:delmas@gemeenskapsteater.co.za)

---

## FUTURA INTERNATIONAL

### Bystand aan besighede met die volgende:

- Kubersekuriteit (insluitend stelselinfiltrasietoetsing)
- Persoonlike datasekureiteitskontroles (POPIA en GDPR)
- SOC 2-oudits
- ISO-implementerings
- Besigheids-, IT- en kuberrisiko-analises
- Dataontledings
- Toekomsbeplanning: Scenario-ontledings en strategiebeplanning

+27(0) 82 570 9478

[info@futura.international](mailto:info@futura.international)

[www.futura.international](http://www.futura.international)

LinkedIn: <https://www.linkedin.com/company/futura-international/>

---

## Vergaderings

- Donderdag 22 September :       ADV-webinaar: AKV-voorbereiding

## Bybelgenootskap

- **Poste beskikbaar vir Deeltydse Ambassadeurs in die BSA se Noordelike Streek (ou Transvaal-gebied).**

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) se missie is om bekostigbare Bybels in al die tale van die mense van Suid-Afrika beskikbaar te stel. Die BSA is een van 150 Bybelgenootskappe in die wêreld. Daar bestaan 'n lang en noue vennootskap tussen die BSA en die NHKA. Die uitkoms van die proses van herstrukturering in die BSA was onder andere dat die voltydse organiserende sekretarisse vervang word met deeltydse ambassadeurs.

## Posbeskrywing

Die pos is daarop gemik om die verhouding van die BSA met gemeentes van die NHKA in stand te hou en te versterk. Van die persoon word verwag om ten minste twee dae (16 uur) per week aan die werk van die BSA af te staan. Dit sluit in twee besoeke per maand aan gemeentes op Sondae, die bywoon van ringsvergaderings, betrokkenheid by fondsinsamelingsprojekte, en die uitbreiding van die Kerk se donateursbasis. Die persoon werk van die huis af. Aan die pos is 'n vergoeding van ten minste R18 000 per maand gekoppel, met die moontlikheid van verhoging namate die pos uitbrei.

Die inkomste vanuit die NHKA maak voorsiening dat twee deeltydse ambassadeurs namens die Kerk in die Noordelike Streek van die BSA aangestel kan word.

## Posvereistes

- Gelegitimeerde predikant van die NHKA jonger as 65 jaar.
- Kennis van en betrokkenheid by die vennootskap tussen die Kerk en die BSA.
- Goeie kommunikasievaardighede in Afrikaans en Engels.
- Goeie menseverhoudings.
- Goeie organisasievermoë en leierskapsvaardighede.
- Positiewe gesindheid teenoor en kennis van die werk van die BSA.
- Kreatiewe denke en vaardighede.

Die aanstellings word gemaak deur die BSA in samewerking met die Kommissie van die AKV van die NHKA. Die **sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober 2022** en diensaanvaarding geskied op 1 Januarie 2023 of so gou moontlik daarna. Die reg word voorbehou om nie 'n aanstelling uit die aansoekers te maak nie.

Aansoeke moet vergesel word van 'n kort CV en motivering waarin aansoekers aandui hoe daar aan die posbeskrywing en posvereistes voldoen word, en kan gestuur word aan [lindeque@biblesociety.co.za](mailto:lindeque@biblesociety.co.za).

## Kerklike publikasies

- In die **September 2022-uitgawe van *Die Christelike Vrou*** lui **ds Hannelie Botha** haar redaksionele artikel, *Die waarde van saamwees*, in met 'n oordenking van ds Ernest Horn. **Lorma Janse van Rensburg**, een van twee sprekers by die NHSV streekbyeenkoms van die Wes-Kaap, vertel haar verhaal as verpleegkundige en hoe dit saamloop met die NHSV se tema in haar artikel *Vasgegom in genade*. **Louise Coetzee**, streekvoorsitter van die NHSV Wes-Rand, skryf in 'n *Heerlike saamkuier* hoe verskillende sprekers en musikante bygedra het tot 'n suksesvolle dag. Die NHSV streekbyeenkoms van Pretoria en Noordelike Pretoria het heerlik afgeskop met hul tema *Skoene met Attitude* soos vertel deur **Poppie Jordaan**, voorsitter van Pretoriastreek, in haar artikel *So verryk ons mekaar*. **Elizabeth Janse van Rensburg**, voorsitter van NHSV Oos-Rand, deel hul dag se verrigtinge en hul spreker, **ds Janine Bevol-Manders**, se praatjie in *Skryf jou eie storie*. Ons sluit hierdie uitgawe af met 'n kuier saam met die finalejaar teologiese studente van 2022 waartydens **Mari-lizé Beukes**, voorsitter van die NHSV Hoofbestuur, met hierdie vier vrouestudente in gesprek was tydens die jaarlikse NHSV inligtingsessie vir teologiese studente. Volg die skakel <https://nhsv.org.za/publikasies/>.

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na [nhkphiladelphia@gmail.com](mailto:nhkphiladelphia@gmail.com) vir meer inligting.
- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmensewoningstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na [stellenbosch@nhk.co.za](mailto:stellenbosch@nhk.co.za) vir meer inligting.

## Toerusting

- **UP Fakulteit Teologie en Religie: Predikantekonferensie**  
**Donderdag 29 September 09:00-15:30**  
*Etiese leierskap, rasseverhoudings en gender*  
UP Groenkloof  
Proff Klippies Kritzinger, Kobus van Wyngaardt en Tanya van Wyk  
Drr Hlulani Mdingi en Lerato Mokoena  
Koste: R100  
Navrae: [anchen.november@up.ac.za](mailto:anchen.november@up.ac.za)

## 'n Gedig

### Villasavary, Frankryk

hoog in Villasavary op 'n balkon  
wat moontlik eeue gelede uitgekap is  
sweef ek uitgelate oor sonneblomgeel  
afwisselend met oopgeharkte grond  
waar ronde bale gras uitdroog  
in die somerson

om 'n gedig te skryf sou beter wees  
om hierdie landskap vas te bind  
al is die woorde te lig en te wit  
te klip te groen – alles gly terug  
in die begraafteuin van vervloë dae

vergeel dan vinnig tot 'n vlerk  
sonneblompapier

\*

(agterna is die reis net  
'n draling van windvoete tussen sipresse deur  
'n asemproe soos reën teen 'n horison

met asfaltgedagtes wat oorskadu word  
om alles weer te verken en met  
woorde terug te lap)

**Marlise Joubert**  
(LitNet, 20 September 2012)

## Fondsinsamelings

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings, die AKV of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Allegaartjie 1

Volgens 'n berig op Maroela Media (20 September 2022) ervaar Suid-Afrikaners tans 'n mengsel van woede, teleurstelling en vrees, veral na die onlangse instelling van Fase 6-beurkrag. Prof Talita Greyling, welstandsekonoom aan die Universiteit van Johannesburg, en dr Stephanié Rossouw van die Auckland Universiteit van Tegnologie, het in April 2019 'n algoritme ontwikkel om na die menslike aspek van ekonomiese aanwysers te kyk. Hulle

glo dat mense se emosies kan voorspel en verklaar wat in die ekonomie en politiek gebeur. Die Bruto Nasionale Geluksindeks (GNH) wys dat Suid-Afrikaners se vlak van geluk Sondag 18 September tot 'n laagtepunt van 6,44 GNH gedaal het. Teen Maandag het die vlak van tevredenheid afgeneem tot 5,80 GNH. Mense se geluksvlakke word gemeet deur twiets te ontleed soos dit geplaas word.

## Allegaartjie 2


“Tog wys die werklikheid van die afgelope twee weke duisende het na Brittanje se strate gestroom en miljoene het wêreldwyd dae lank ingeskakel vir regstreekste TV-uitsendings. Staatshoofde het busse vol opgeruk vir die begrafnis. Hulle erken die ongelooflike krag van 'n globale handelsnaam van konstante volhoubaarheid en standaard. Strukture opgebou oor eeue heen, 'n doodskis wat vervoer word op lang paaie sonder slaggate, geen gebarste waterpype of rioolvuil wat uitloop nie en nie een papier in sig nie. Niks afgebrand nie.” (Barnard Beukman, redakteur, in *Beeld*, 20 September 2022)

## Barmhartigheid



**Rata**  
MAATSKAPLIKE DIENSTE

- **DPS Pleegsorg: Kamp 3-7 Oktober Tarentaalpan, Thabazimbi**  
Indien u sou belangstel om een van die 36 kinders te borg teen R1 500 per kind, kontak **Suzanne van Deventer** by [suzanne@rata.org.za](mailto:suzanne@rata.org.za) of 066 477 8904. **Inbetalings** kan ook gedoen word by: Kinderhuise van die NHKA, ABSA Besigheidsrekening, rekeningnommer 020 390 093, takkode 623 0005, beskrywing Oktoberkamp (e-pos bewys van betaling na [suzanne@rata.org.za](mailto:suzanne@rata.org.za)). Hierdie is 'n geleentheid om te belê in 'n kind se toekoms. Saam skep ons 'n beter môre. U is ook welkom om ons **webwerf** te besoek by [www.pleegsorg.org.za](http://www.pleegsorg.org.za) of ons **Facebook-blad** by DPS Huise om op die hoogte te bly van die nuutste verwickelinge.
- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**  
**Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes**  
Enkel- en deekamergeriewe in 'n huislike atmosfeer  
Verblyf met 3 etes ingesluit  
Verblyf sonder versorging R1 700 per maand  
24-uur-versorging onderhandelbaar  
(maksimum R8 000 per maand deekamer)  
Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089  
[navrae@athalia.co.za](mailto:navrae@athalia.co.za)  
[www.athalia.co.za](http://www.athalia.co.za)
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**  
Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:  
Enkelwoningstel (*Bachelor*): R510 000  
Eenslaapkamer: R515 000



1½-slaapkamer: R520 000  
Tweeslaapkamer: R560 000  
Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)** Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit).** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Oggendgebed

Hierdie nuwe dag:  
O Heer, ek weet nie wat hierdie dag gaan oplewer nie.  
Maak my gereed, Heer,  
vir wat ook al voorlê.  
As ek vir iets moet opstaan,  
help my om dit met moed en oortuiging te doen.  
As ek stil moet sit,  
help my om kalm en rustig te wees.  
As ek moet laaglê,  
help my om dit geduldig te doen.  
En as ek niks moet doen nie,  
laat ek ook dit met grasia regkry.  
Maak my woorde meer as net woorde,  
en gee my die liefdevolle Gees van Jesus.  
Amen.

in-the-morning epiphanyfoundation.org

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)